Om te dien met die liefde van Christus, sodat mense hier 'n tuiste kan vind

NG Gemeente Nylstroom-Oos

www.ngnylstroomoos.com

Ds Ewald Schmidt 082 579 6648
Ds Danie Jacobs 082 499 2751

Admin: 072 262 5929
Finansies: 073 411 6944
admin@ngoos.co.za
kerkkantoor@ngoos.co.za
Kantoorure: Ma-Do, 08:00 - 14:00
Vr, GESLUIT

7 Junie 2026

Familiediens

# Eredienste

YouTube ngnylstroomoos

09:00 Erediens
Ontvang nuwe intrekkers: Wilma du Plessis
Blomme: Gerda van Biljon
Dankie aan die persone wat help met verwelkoming en teeskink vandag.

# Dagboek

7 - 13 Junie

**8:** 16:00 FBK vergadering
**9:** 09:00 Bybelstudie
**11:** 07:30 Woord en brood

# Gebedslys

Langdurige siekte:
Dirkje Combrink; Pieter van Eeden; Mike van Biljon, Naas du Preez, Lionell Smit, Christo Pienaar.

Siektes/operasies:
- Lettie vd Walt ondergaan mediese behandeling.

Koninkrykstyd, 31 Mei tot 22 November

Koninkryktyd is die laaste en langste liturgiese tydperk van die kerkjaar en val tussen Pinkster en Advent. In sommige tradisies word dit ook "gewone tyd" ("ordinary time") of "die tyd van die kerk" genoem, maar binne die Gereformeerde tradisie is dit betekenisvol om dit as "Koninkrykstyd" te verstaan. Dit is 'n tyd waarin die kerk die heerskappy van Christus oor die hele skepping vier en sigbaar uitleef.



# Gebedsriglyne

7 - 28 Junie 2026

*A. FOKUS OP GOD*

***"… mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle EENSGESIND onder mekaar sal wees SOOS CHRISTUS DIT WIL HÊ".*** – Rom 15:5

- In Jesus se laaste gebed vir Sy dissipels (en alle gelowiges) voordat Hy gevange geneem is, kom die noodsaaklikheid van eenheid onder gelowiges baie sterk na vore:
  *"Heilige Vader, bewaar hulle in U Naam… sodat hulle NET soos ONS een kan wees"* – Joh 17:11
- Gebruik oor die volgende 3 weke verskillende skrifgedeeltes om werklik te luister na wat God se wil vir elkeen van ons is, en wat Sy plan is vir Sy kerk (Sy liggaam) op aarde:
  - Joh 17:9-26
  - 1 Kor 1:10-13 en 1 Kor 3:1-11
  - Ef 4:1-16
  - Fil 1:27 en 2:1-4
- Gesels met die Here oor wat jy hoor.
  - Bely enige selfgerigtheid waarvan die Heilige Gees jou bewus maak.
  - Vra telkens dat Hy vir jou 'n nuwe hart en 'n nuwe gesindheid sal gee.

B.GOD SE KONINKRYK

***"Ek bid dat hulle almal EEN mag wees… SODAT DIE WÊRELD KAN GLO dat U My gestuur het."*** – Joh 17:21

- Gebruik elke keer die teksgedeelte waarop jy gefokus het en oordink het om te bid vir:
  - jouself;
  - leraars en ander geestelike leiers;
  - gemeentelede;
  - verskillende gemeentes in die Ring;
  - verskillende Christelike Denominasies.
- Enkele voorbeelde van hoe om die skrifgedeeltes te gebruik in gebed:
  - Bid dat leraars en gemeentes sal verstaan dat God juis hulle (en ons) verskillende gawes en bedieninge wil gebruik tot opbou van Sy liggaam as 'n geheel. (Ef 4:11-16)
  - Dat geestelike leiers (en gemeentes) niks uit selfsug of eersug sal doen nie, maar in nederigheid sal dien volgens die voorbeeld van Jesus. (Fil 2:3)
  - Dat ons God genoeg sal vertrou om weg te kyk van ons eie belange en sal fokus op dit wat goed is vir die opbou en uitbou van Sy Koninkryk. (Fil 2:4)
  - Dat ons regtig sal verstaan dat ons almal MEDEWERKERS is IN DIENS VAN GOD en dat Sý verheerliking ons eerste prioriteit sal wees. (1 Kor 3:9 en Joh 17:10)
- Bid verder self volgens elke skrifgedeelte.

C.AFSLUITING

- Oordink 1 Pet 3:8

*"Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig en nederig. Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, WANT daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry."*

Indien u die gebedsriglyne op WhatsApp wil ontvang in groter skrif, kontak Marietha Ueckermann by 072 451 2385.







29 Junie - 3 Julie 2026
Badseloop Jeugkampterrein

Alle Gr 8-10 jongmense, is jy reg vir 'n avontuur waar jy deur dinge wat jy doen en ervaar, meer van jouself en jou talente leer?
Geen 'boring' lesings!
Spesiale ontmoetings met God!
Kampgelde R 1500 pp
*Early bird tarief en afbetaling welkom.*
Doen gerus navra by Anita Hurn 015 491 3537.

'n **Eiendoms- en Estetiese kommissie** gaan eersdaags vir ons gemeente gevestig word.

Lidmate met een of meer van die volgende vaardighede word vriendelik versoek om hande op te steek en betrokke te raak by hierdie kommissie.

- Bou- en/of konstruksiebedryf
- Uitlê, verfraaiing of instandhouding van tuine
- Kennis van elektriese en/of loodgieterswerk
- Nutswerk en/of enige tegniese vaardighede
- Voorliefde vir estetiese en binnenshuise versiering

Die Bedieningsbestuur is op soek na lidmate wat oor **digitale vaardighede** beskik en behulpsaam kan wees met bv videos, advertensies, fotos en bemarking van aktiwiteite.

Tree asseblief met Deirdré by die kerkkantoor in verbinding.



Huisbesoek
Indien daar enige iemand is wat graag deur die leraars besoek wil word, laat weet asb vir Adél by die kantoor.

Ds Ewald Springbokvlate preekbeurt:
7 Junie

# Verjaarsdae

7 - 13 Junie 2026

**7:** Nana Pretorius, Arné Oosthuizen;
**8:** Willem le Roux , Nellis Bester, Karien Janse van Rensburg;
**9:** Schalk Burger, Amoré Fourie;
**10:** John Barnard, Yolandi Olivier; Pieter Oberholzer;
**11:** Jesse Hill, Pieter Wynand van Niekerk;
**12:** Joanel Grobler.

**75 & ouer:**
**9:** Chris Beyers;
**10:** Lulu Wentzel;
**12:** Naas Branco.

## Taakspan: na Buite

Baie dankie vir almal se bydrae tot die Koskas. Indien jy jou weg kan oopsien om bydraes te lewer sal dit opreg waardeer word, die Koskas se voorraad is bietjie laag. 'n Behoeftelysie is beskikbaar by die kantoor, maar enige bydraes is welkom.

**<u>Houers vol hoop, vir die koue maande</u>**

Het jy leë koffiebottels wat rondstaan? Hier is 'n oulike idee vir 'n bydrae tot die Koskas. Vul die bottel met die volgende bestanddele:

- 1/2 Koppie rys
- 1/2 Koppie sopmengsel
- 1/2 Koppie lensies
- 1 Blokkie beesvleisaftreksel
- 1 Pakkie soppoeier

Herhaal tot die bottel vol is.

ONS KOSKAS

# Ander

## Gemeente 'WhatsApp' Gemeenskap

Skandeer hierdie QR kode om by die Whatsapp gemeenskap aan te sluit. Kontak gerus die kantoor indien u nie regkom met die kode nie.

SnapScan

Maak gerus betalings na die gemeente deur die meegaande QR kode te skandeer.
Spesifiseer asb waarvoor die betaling is in die 'Payment reference' blokkie - kollekte, bydrae vir (Bybelgenootskap, fees) ens.

NG GEMEENTE
NYLSTROOM-OOS

NG NYLSTROOM-OOS
bied aan:

# SUIKERBEKKIE FEES 2026

## Kuier. Ontspan. Samesyn.

'N FEES VIR JONK EN OUD!

- KOSSTALLETJIE
- KOMPETISIES
- VEILING
- KAMPVURE
- LEKKER MUSIEK
- KINDER-VERMAAK
- KUNS & HANDWERK
- EN NOG MEER!

Kom kuier saam by die Suikerbekkie Fees!
Geniet heerlike kos.
Ontspan om die kampvuur terwyl die kinders speel.
Beleef die vreugde van saamwees.
Maak herinneringe.
Wees deel van ons feesfamilie!









MEER AS NET 'N FEES
## DIS ONS STORIE!

4-9pm

KUIER | ONTSPAN | SAMESYN | HERINNERING

## 31 Julie 2026

Kom wees deel van iets besonders.
ONS KAN NIE WAG OM JOU DAAR TE SIEN NIE!

# SUIKERBEKKIE FEES 2026

Ons sien uit na die Suikerbekkiefees 2026!

Om die fees ‘n sukses te maak het ons asb almal se hulp nodig. Ons benodig dienende hande en verskeie vorms van bydraes.

- Platbed sleepwa as ‘n verhoog;
- Sand om boma te maak vir vuur;
- Staan verwarmers om te leen....vir die vêr tafels van die vuur;
- Hande wat kan help by die vleis - verwerking & verpakking, 20 -23 Julie, kontak Anette. Daar word ook op ‘n dringende basis iemand gesoek wat by Anette kan oorneem. Anette: 073 200 2854;
- Veiling items;
- Uitstallers gesoek;
- Mense met nuwe idees om lekker te kuier;
- Voorbidding vir die fees.

Ons sien uit om saam met jou te werk!

Kontak gerus vir Olga (082 572 2704) indien jy kan help of enige navrae het.

**Kom wees deel van iets besonders.**